

29 Oktober

Skrifgedeelte: Jakobus 5:13-20
Fokusgedeelte: Jakobus 5:16b

Die gebed van 'n gelowige het 'n kragtige uitwerking

Bid jy nog gereeld vir en saam met jou medegelowiges? Veral hulle wat op een of ander manier afgedwaal het van die Here en sy Woord? En wanneer jy bid: Glo jy nog dat jou gebed 'n kragtige uitwerking sal hê?

Die Here Jesus wil hê dat ek en jy sy getuies op aarde moet wees. Ons moet egter onthou dat hierdie opdrag nie net geld ten opsigte van hulle wat nie die Here ken nie. In Galasiërs 6:1-5 leer die Here ons dat ons ook na mekaar moet omsien. Dit beteken dat ons ook die taak het om teenoor mekaar, as medegelowiges, oor die waarheid van die evangelie te getuig. Dit geld veral in gevalle waar iemand besig is om van die Here en sy Woord weg te dryf.

Deur Jakobus leer die Here ons dat ons op só 'n manier na mekaar moet omsien dat ons eerlik en openlik met mekaar oor ons sondes kan praat. Om in die teenwoordigheid van medegelowiges te bely en verantwoordelikheid vir jou sondes te aanvaar, bring jou daartoe om die wonder van die verlossing in en deur Christus weer duidelik te sien – en om werklik daarmee in jou lewe erns te maak.

Erken en bely is egter nie al wat ons moet doen nie. Ons moet ook saam daarvoor bid. Ons moet bid dat die Here sy Woord aan ons sal duidelik maak, dat ons berou opreg sal wees, en dat Hy elkeen wat afgedwaal het, se hart sal aanraak en omkeer.

Deur Jakobus leer die Here ons dat die gebed van 'n gelowige 'n kragtige uitwerking het. Ook wanneer ons bid vir iemand wat afgedwaal het, is dit die geval. Daarom moet ons gedurig vir mekaar bid. Ons moet veral bid dat die Here elkeen wat in sonde geval het, deur sy Gees tot belydenis en bekering sal lei. En ons moet glo dat die Here ons gebede vir mekaar net so kragtig sal verhoor soos Hy lank terug met Elia gedoen het.

Sing: Skrifberyming 14-3:4

Dr. EJ Smit (Vanderbijlpark Trinitas)